testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2019

## GRAAD 9

# EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 200**

**16 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. ALLE vrae is verpligtend.

2. Beantwoord ALLE vrae in die ANTWOORDBOEK.

3. Lees die vrae noukeurig deur en maak seker jy bestee genoeg tyd aan elke vraag.

4. Skryf netjies en leesbaar.

5. Die gebruik van ŉ nie-programeerbare sakrekenaar is toelaatbaar.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE |
|---|---|---|
| **A** | **KORTVRAE: ALLE ONDERWERPE**<br><br>Vraag 1.1: Waar of Onwaar<br>Vraag 1.2: Ontbrekende woorde<br>Vraag 1.3: Pasitems<br>Vraag 1.4: Meervoudigekeuse | **[60]**<br><br>10<br>10<br>20<br>20 |
| **B** | **DIE EKONOMIE**<br><br>Vraag 2:<br>Vraag 2.1: Ekonomiese stelsels<br>Vraag 2.2: Ekonomiese kringloop<br><br>Vraag 3:Vakbonde | **[40]**<br><br><br>15<br>14<br><br>11 |
| **C** | **FINANSIËLE GELETTERDHEID**<br>Vraag 4: Proefbalans<br>Vraag 5: Joernale<br>Vraag 6: Grootboeke | **[60]**<br><br>16<br>23<br>21 |
| **D** | **ENTREPRENEURSKAP**<br><br>Vraag 7: Sakeplan<br>Vraag 8: Besigheidsfunksies en Ekonomiese sektore | **[40]**<br><br>24<br>16 |
| | **TOTAAL** | **200** |

## AFDELING A: ALLE ONDERWERPE

### VRAAG 1: WAAR OF ONWAAR

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wanneer vraag gelyk is aan aanbod, noem ons dit die ekwilibrium punt.

1.1.2 Die regering, besighede en huishoudings vorm nie deel van die ekonomiese kringloop nie.

1.1.3 ŉ Tjek is die brondokument wat uitgereik word om uitgawes te betaal.

1.1.4 In arm lande werk die meeste mense in die sekondêre sektor.

1.1.5 Wanneer jy ŉ handelskorting ontvang, is die prys wat jy betaal minder as die oorspronklike verkoopprys. (10)

### ONTBREKENDE WOORDE

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende woord/e in te vul. Skryf slegs die korrekte antwoord in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 In die ... ekonomie word besighede en eiendom privaat besit en nie deur die staat beheer nie.

1.2.2 Die grootste vakbond van algemene werkers in Suid-Afrika is ... .

1.2.3 Die ... rekening word gedebiteer in die Algemene Grootboek wanneer goedere kontant of op krediet gekoop word.

1.2.4 Pep Winkels en ABSA bank vorm deel van die... sektor.

1.2.5 Koste van verkope is ŉ ..., dit is geld wat ŉ besigheid betaal wanneer Handeslvoorraad aangekoop word. (10)

**PASITEMS**

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B om by ŉ begrip in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Kollektiewe bedinging | A | Huishoudings verkoop hulle produksiefaktore |
| 1.3.2 | Wisselkoers | B | Die debiteur stuur beskadigde goedere terug |
| 1.3.3 | Operasionele plan | C | ŉ Plan wat gebruik word om die verwagte kontantontvangste en betalings van die onderneming te beskryf |
| 1.3.4 | Krediteurekontrole | D | Dui die teikenmark van die besigheid en sy produkte aan |
| 1.3.5 | Algemene Grootboek | E | Die totale waarde van alle goedere en dienste wat ŉ land produseer in een jaar |
| 1.3.6 | Bruto Binnelandse Produk | F | ŉ Opsomming van Balanstaat- en Nominale rekeninge van alle transaksies |
| 1.3.7 | Bemarking | G | Vermeerder aan die kredietkant en verminder aan die debietkant |
| 1.3.8 | Kontantbegroting | H | Dui aan hoe ŉ besigheid bestuur moet word |
| 1.3.9 | Kredietnota | I | Die prys van ŉ geldeenheid wat uitgedruk word in ŉ ander land se geldeenheid |
| 1.3.10 | Faktormark | J | Die proses waar vakbonde en werkgewers oor nywerheids-verwante kwessies onderhandel |
| | | K | Word opgeteken in die saldokolom van die Debiteurekontrole rekening. |

(10 x 2) (20)

## MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.4 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1 tot 1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Wanneer die prys van goedere afneem, sal die vraag na die goedere ...

A dieselfde bly.
B toeneem.
C afneem.
D geen van die bogenoemde nie.

1.4.2 Die Menslike Hulpbronne bestuurder is nie verantwoordelik vir die ... nie.

A Wet op Diensbillikheid
B finansies van die besigheid
C aankoop van grondstowwe en vervaardiging van produkte
D Al van die bogenoemde

1.4.3 Die voordeel vir die onderneming om goedere op krediet te verkoop is dat ...

A meer debiteure op krediet koop.
B meer krediteure kontant koop.
C minder debiteure op krediet koop.
D al die bogenoemde.

1.4.4 Die Minister van Finansies wat op 29 Mei 2019 aangestel is, is ...

A Malusi Gigaba.
B Pravin Gordhan.
C Nhlanhla Nene.
D Tito Mboweni.

1.4.5 Die volgende rekeninge is voorbeelde van Bates:

A Bank, Voertuie, Skryfbehoeftes, Handelsvoorraad
B Bank, Toerusting, Debiteurekontrole, Handelsvoorraad
C Bank, Handelsvoorraad, Krediteurekontrole, Verkope
D Bank, Verkope, Koste van Verkope, Handelsvoorraad

1.4.6 Watter van die volgende is NIE ŉ voorbeeld van ŉ vakbond nie?

A NRO
B NUMSA
C DENOSA
D SADOU

1.4.7 Waarvoor staan die akroniem SSGB:

A Sterk punte, Swak punte, Gelykhede, Betalings
B Stand punte, Sterk punte, Gelykhede, Bedreigings
C Sterk punte, Stand punte, Geleenthede, Bedreidings
D Sterk punte, Swak punte, Geleenthede, Bedreigings

1.4.8 As jy Handelsvoorraad verkoop vir R2 500 en die winsopslag is 66⅔ %. Die kosprys van die Handelsvoorraad is:

A R1 666,67
B R1 666,75
C R1 500
D R4 166, 67

1.4.9 Wanneer jy oorboek vanaf die Kontantontvangstejoernaal na die Huurinkomste rekening, sal jy dit ...

A debiteer.
B balanseer.
C krediteer.
D sluit.

1.4.10 Watter EEN van die volgende verteenwoordig die korrekte rekeningkundige siklus?

A Brondokumente, Joernale, Algemene Grootboek, Proefbalans
B Brondokumente, Algemene Grootboek, Joernale, Proefbalans.
C Joernale, Brondokumente, Algemene Grootboek, Proefbalans.
D Brondokumente, Proefbalans, Joernale, Algemene Grootboek

(10 x 2) (20)

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: DIE EKONOMIE

## VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die BRICS-beraad was van 25 tot 27 Julie 2018 in Suid-Afrika gehou. Die internasionale konferensie was bygewoon deur die vyf staatshoofde. Hierdie vyf state beslaan ongeveer 'n vyfde van die wêreld se ekonomiese uitsette en 40 % van sy bevolking.
>
> Suid-Afrika het die kleinste ekonomie en bevolking van die vyf state. Dit word gesien as 'n verteenwoordiger van Afrika-belange en dit is 'n ekonomiese toegangspoort na die vasteland.
>
> ['Wikipedia.com']

2.1.1 Behalwe Suid-Afrika, identifiseer enige TWEE van die ander lande wat deel vorm van die BRICS–beraad. (2)


2.1.2 Watter ekonomiese stelsel word in Suid-Afrika gebruik? Verduidelik kortliks die eienskappe van hierdie stelsel. (5)

2.1.3 Evalueer die beplande ekonomiese stelsel. Gee TWEE voordele en TWEE nadele. (4 x 2) (8)

**(15)**

Kopiereg voorbehou 

2.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die deelnemers wat voorgestel word deur nommer **2** en **4**. (2)

2.2.2 Onderskei tussen die interaksies van nommer **2** en **4** in die ekonomiese kringloop. (4)


2.2.3 Noem TWEE publieke dienste wat die regering voorsien aan huishoudings. (2)

2.2.4 Evauleer wat die impak van 'n styging in belasting op besighede en huishoudings sal hê. (3 x 2) (6)

**(14)**

**VRAAG 3**

Kyk na die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




3.1 Werkers het hulle eise geïdentifiseer in die spotprent. Kan jy dink aan enige ander TWEE eise wat sal lei tot protesaksies, behalwe die eise wat in die spotprent geïdentifiseer is? (2)

3.2 Watter effek het vakbonde op besighede? (2 x 2) (4)

3.3 Verduidelik kortliks die verantwoordlikhede van vakbonde. (5)
**(11)**

**TOTALE AFDELING B: 40**

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID (60)**

**VRAAG 4**

4.1 ŉ Onervare boekhouer het die volgende proefbalans voorberei.
Die eienaar is bekommerd omdat daar foute ontdek is.

**INSTRUKSIES**

- Stel die korrekte Proefbalans op in jou ANTWOORDBOEK. (12)
- Bereken die ontbrekende bedrae wat aangedui is met **A** en **B**. (4)

| **PROEFBALANS VAN MUFASA HANDELAARS OP 30 NOVEMBER 2019** | | | |
|---|---|---|---|
| | **Folio** | **Debiet** | **Krediet** |
| Kapitaal | B1 | | **A** |
| Onttrekkings | B2 | | 4 160 |
| Grond en Geboue | B3 | 192 000 | |
| Voertuie | B4 | 134 000 | |
| Skryfbehoeftes | B5 | 3 100 | |
| Handelsvoorraad | B6 | | 18 300 |
| Bank (dt) | B7 | 26 420 | |
| Water en Elektrisiteit | B8 | | 14 800 |
| Krediteurekontrole | N1 | | 19 600 |
| Verkope | N2 | 220 000 | |
| Koste van Verkope | N3 | | 170 000 |
| Toerusting | N4 | 24 800 | |
| Huurinkomste | N5 | | 35 000 |
| Debiteurekontrole | N6 | | 6 420 |
| Salarisse | N7 | | 40 000 |
| Versekering | B9 | | 1 440 |
| | | **B** | **B** |

**(16)**

## VRAAG 5

Die volgende inligting word uit die boeke van David Handelaars geneem.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Kontantontvangstejoernaal | (KOJ) | (6) |
| 5.2 | Kontantbetalingsjoernaal | (KBJ) | (7) |
| 5.3 | Krediteurejoernaal | (KJ) | (7) |
| 5.4 | Debiteurejoernaal | (DJ) | (3) |

**INSTRUKSIES**

- Teken die transaksies aan in die korrekte joernale.
- Die besigheid gebruik ʼn winsopslag van 25% op kosprys.
- Moenie die joernale afsluit nie.

**<u>Transaksies vir September 2019</u>**

3 Verkoop goedere op krediet aan G. Huluma, R1 300. Reik faktuur 76 uit.

4 Koop die volgende op krediet van Nyla Groothandelaars (faktuur 101)

| | |
|---|---|
| Liaseringskabinette | R10 120 |
| Skryfbehoeftes | R 480 |

10 Kontantverkope van handelsware, R14 800

Reik kwitansie 105 uit aan R Randall, ter gedeeltelike betaling van sy rekening, R4 600.

11 Trek ʼn kontanttjek nr. 305 vir:

| | |
|---|---|
| Lone | R 810 |
| Wisselgeld | R1 000 |

15 Betaal Masimino Handelaars per tjek as betaling van ons rekening, R8 300.

27 Koop goedere op krediet van NYC Groothandelaars vir R7 600 min 10% handelskorting, ontvang faktuur. **(23)**

**VRAAG 6**

**INSTRUKSIES**

6.1
- Gebruik die uittreksel wat geneem is vanaf die joernale van Rabada Handelaars en boek dit oor na die Debiteurekontrole rekening in die Algemene Grootboek vir Oktober 2019.
- Balanseer die rekening aan die einde van die maand.

**Saldo**

Debiteurekontrole R 20 800

**INLIGTING**

**Kontantontvangstejoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Bank | Verkope | Koste van Verkope | Debiteurekontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| R88 500 | R58 500 | R39 000 | ? | R6 500 |

**Kontantbetalingsjoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Bank | Handels-voorraad | Lone | Krediteure - kontrole | Toerusting | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|
| R50 200 | R6 200 | R3 400 | R23 400 | R8 800 | R8 400 |

**Krediteurejoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Krediteurekontrole | Handels - voorraad | Toerusting | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| R30 680 | R18 400 | R9 400 | R1 280 | R1 600 |
| | | | | |

**Krediteureafslagjoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Krediteurekontrole | Handels - voorraad | Toerusting | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| R3 640 | R2 100 | R900 | R240 | R400 |

**Debiteurejoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Verkope | Koste van Verkope |
|---|---|
| R13 500 | R9 000 |

**Debiteureafslagjoernaal van Rabada Handelaars vir Oktober 2019**

| Debiteureafslag | Koste van Verkope |
|---|---|
| R1 800 | R1 080 |

**(10)**

6.2 Bestudeer die inligting wat geneem is uit die boeke van Maynard Winkels en beantwoord die vrae in jou ANTWOORDBOEK neer.

| XANGELE HANDELAARS | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **2011 Sept** | **Kode** | **Besonderhede Dokument** | **Fol** | **Debiet** | | **Krediet** | | **Saldo** | |
| 1 | | Rekening gelewer | | | | | | 800 | - |
| 5 | 01 | Faktuur: 675 | **6.2.3** | | | 700 | - | **6.2.4** | **-** |
| 15 | 02 | **6.2.5**: 112 | KBJ | 1000 | 00 | | | 500 | - |
| 27 | 01 | Faktuur: 697 | KJ1 | | | 450 | 20 | 950 | 20 |
| | | | | | | | | | |

6.2.1 Watter grootboek was gebruik om hierdie rekening te voltooi. Gee ʼn rede vir jou antwoord? (2)

6.2.2 Wat was die uitstaande saldo op 31/08/2011? (1)

6.2.3 Watter joernaal was gebruik vir oorboeking na die grootboek? (1)

6.2.4 Bereken die uitstaande bedrag. (2)

6.2.5 Identifiseer die brondokument wat gebruik was. (1)

6.2.6 Wat sal die effek van die transaksie op 15 September wees op die rekeningkundige vergelyking. (4)
**(11)**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

## VRAAG 7

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

> Thabo Jabu herstel skoene op die sypaadjie buite die stadsaal. Hy is ŉ entrepreneur. Hy sorg dat die skoene van sy kliënte behoorlik reggemaak word. Sy wens is om ŉ klein winkel in die stad te open. Sy inkomste van R2 000 per week is genoeg om ŉ bestaan te voer. Dit sluit in maandelikse kruideniersware van R1 000, R500 vir huur, ŉ daaglikse taxi-fooi van R20 en skoolfonds vir sy vyftienjarige kind.
>
> Thabo het in 2015 begin werk met net R500 wat hy van sy vorige werk gespaar het. Daarna was hy op die straat, vanaf 07:00 tot 16:00 ses dae ŉ week. Dit was moeilik aan die begin, want hy het geen kliënte gehad nie. Deur deursettingsvermoë en harde werk, het hy dit reggekry om mense te kry om sy besigheid te ondersteun. Sy kliënte sluit mense in wat in sy omgewing bly, mense wat in die stad werk, en hy het ook kliënte wat hom vanuit ander gebiede ondersteun.
>
> ŉ Klein bekommernis is ander smouse wat in die omgewing werk. "Ek kan dit hanteer," sê hierdie vasberade heer.

7.1 Is Thabo se informele besigheid ŉ diens of ŉ handelsonderneming? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

7.2 Wat is sy maandelikse inkomste? (1)

7.3 Berei ŉ SWOT-analise voor van Thabo se besigheid. (4 x 2) (8)

7.4 Noem enige DRIE komponente van ŉ sakeplan. (3)

7.5 Thabo wil ŉ plaaslike bank nader vir finansiële hulp om sy sakebedrywighede uit te brei. Gee ŉ kort beskrywing van DRIE aspekte wat in sy finansiële plan ingesluit moet word. (3 x 2) (6)

7.6 Onderskei tussen *massaproduksie* en *taakproduksie*. (4)

**(24)**

**VRAAG 8**

8.1 Lees deur elk van die gevallestudies hieronder en besluit watter besigheidsfunksies van toepassing sal wees.

8.1.1 Werknemers wil staak weens slegte werksomstandighede.

8.1.2 Die werkers werk met baie gevaarlike chemiese stowwe wat 'n ongeluk kan veroorsaak as hulle nie versigtig hanteer word nie. Die maatskappy moet voorsorgmaatreels tref en dit beskerm.

8.1.3 Die verkoopsyfers het gedaal en die maatskappy moet iets daarvan doen.

8.1.4 Die maatskappy wil graag van die winste belê deur aandele in ander maatskappye te koop.

8.1.5 Die maatskappy was onlangs betrokke by 'n groot skandaal rakende die storting van giftige afvalstowwe. Hulle moet weer goeie verhoudinge met die buitewêreld bou.

(5 x 2) (10)

8.2 Tabuleer die tipes vaardighede wat benodig word in elk van die 3 ekonomiese sektore. (6)
**(16)**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou